**23 OKTOBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 115 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 115:12**

## Die Here dink aan ons deur ons te seën

Hierdie psalm is gereeld deur die Jode tydens die Paasmaaltyd gesing. In elke huis was die hele gesin saam aan tafel met die ete wat hulle herinner het aan die verlossing uit Egipte. Die verlede word op die wyse weer vars gemaak. Hulle dink aan God se ingryping by die Rooisee, die manna en water uit die rots en die verkwikking by Elim. So met psalmgesang weergalm die dankbaarheid vir die verlede, asook hulle geloof en vertroue vir die toekoms: "Die HERE het aan ons gedink: Hy sal seën …"

Ook ons kan wanneer ons terugkyk, die weg waarlangs die HERE ons gelei het, duidelik sien. Ons staan nie verleë wanneer dit by God se guns en goedheid van gister kom nie. Hy het ons nog altyd oorlaai met seëninge en sorg. Na liggaam en siel het God ons gegee wat ons nodig het. Ook waar ons Hom vergeet het, het Hy steeds aan ons gedink.

Ons het 'n ereplek in God se hart. Hoe dink Hy aan ons? Hy gee vir ons om. Hy sorg, ondersteun en dra ons in alles. Hy roep ons daagliks tot Christus om aan sy voete te leer wat die gedagte van vrede en verlossing vir ons inhou. Terwyl ons beskaamd staan oor ons gedrag wat dikwels gekenmerk word deur die sonde in plaas van die verheffing van God, kan ons nogtans in die Naam van Jesus Christus in stille geloofsverwagting sê: "Hy sal seën" – nie om ons ontwil nie, maar om Christus wil!

*Sing: Psalm 8:3, 4* *Ds Thinus Smidt (Innesdal)*